

Hoofstuk van die dag: Filippense 1

> *… want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. (Fil 1:21)*

In hierdie gedeelte is Paulus in ’n tweestryd (vers 23) en hy weet nie wat hy moet kies nie. Hy wil graag sterwe, en hy wil

graag lewe.
Vir ons is dit vreemd dat iemand graag wil sterwe. Ons hele samelewing is daarop ingerig om die lewe te bewaar, feitlik ten alle koste. Maar Paulus dink oor sy lewe na, en sy slotsom is: die sterwe is wins. Hy sê in vers 23 dat hy verlang om heen te gaan.
Wat was sy geheim? Sy wens om te sterf was nie ’n wegvlug uit die lewe uit nie. Dit was uit verlange om saam met Christus te wees, want dit is vir hom verreweg die beste (vers 23).
Om dit te kan sê, moet die lewe vir jou Christus wees (vers 21). Moet Christus die belangrikste Persoon in jou lewe wees. Eers as jy dit regtig met jou hele hart kan sê, kan jy ook soos Paulus wens om te sterf om by Christus te wees. Want dan word die dood die kroon op ’n goeie lewe, die logiese hoogtepunt in die lewe van ’n gelowige.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026